# 3. ONDERWYS AAN BLANKES IN DIE NIEUWE REPUBLIEK: 1884-1888

## 3.1 INLEIDING

Soos in die vorige hoofstuk aangetoon, was die verkry= ging van die Vryheidse gebied te danke aan hulp wat deur die Boere onder leiding van L. Meyer aan die Zoeloe= koning Dinizulu gelewer is. (1)

Besetting van die gebied het egter gestrek oor 'n periode van drie jaar, aangesien die gebied in Augustus 1884 aan die Boere toegeken is en die laaste plaas in Januarie 1887 uitgemeet is. (2)

Gedurende hierdie periode moes daar 'n aansienlike rond= skuiwery van Boere op plase binne die nuwe gebied plaas= gevind het as in ag geneem word dat plase drie keer herop= gemeet moes word. (3) Die ruiling van grond in "Proviso B" vir grond aan die Lebomboberge moet ook heelwat ont= wrigting veroorsaak het. (4)

Onsekerheid oor juiste plaasgrense moes uit die aard van die saak bouwerk aan plaasopstalle vertraag en dus die vestiging van 'n geordende bestaanwyse in die wiele gery het. Daarby was die plase nog steeds bewoon deur Zoeloes wat verskuif moes word, 'n faktor wat die bestaans=

---

(1) Leverton en Pringle, op. cit., p. 17

(2) Binns, C.T.: Dinizulu. The Death of the House of Shaka, p. 98.

(3) Wiggett, J.: Herinneringe. s.p.

(4) Ibid., s.p.

veiligheid van die blankes bedreig het.

Besetting kan egter gekwalifiseer word in die lig van die okkupasiewet wat deur die Volksraad van die Nieuwe Republiek uitgevaardig is. Hierdie wet het bepaal dat 'n grondeienaar sy plaas moes beset binne drie maande na ontvangs daarvan. (5) Dit is waarskynlik die toepas= sing van hierdie wet wat daartoe aanleiding gegee het dat georganiseerde onderwys in die Vryheidse distrik vinniger op dreef gekom het as in gebiede van die land wat meer geleidelik deur blankes beset is.

## 3.2 ONDERWYSTOESTANDE IN DIE NIEUWE REPUBLIEK

### 3.2.1 Vroegste onderwyspogings

Dit kan seker met reg gekonstateer word dat die ouers van blanke kinders in die Vryheidse distrik gedurende die periode 1885 tot April 1886, toe 'n begin gemaak is met georganiseerde onderwys, nie die onderwys van hul kinders verwaarloos het nie. Soos algemeen elders in Suid-Afrika die gebruik was, moet aangeneem word dat daar ook in die Vryheidse distrik enersyds elementêre onderwys deur die ouers aan hul kinders verskaf is. Dit sou bestaan uit die lees van die Bybel, Skryf, elemen= têre Rekene en Sang. (6)

Andersyds, hoewel dit nie vasgestel kon word nie, sou

---

(5) Leverton en Pringle, op. cit., p. 27.

(6) Van der Walt, J.H.P.: Onderwys van Blankes in die Ventersdorpse distrik, p. 43.

die ouers ook gebruik gemaak het van tydelik beskikbare onderwysers, die sogenaamde "padloper onderwysers". (7)

Die enigste bewys dat daar wel voor April 1886 aandag aan onderwys op Vryheid (dorp) gegee is, word gevind in die getuienis van J.F. de Wet, in lewe hoof van die Senior Primêre Skool, Nuwe Republiek. Volgens De Wet het daar wel 'n skool op die dorp Vryheid bestaan voordat die publieke skool in April 1886 geopen is. Die onderwy=ser aan die skool was D. de Villiers, alias Berrange - 'n beskaafde, welopgevoede, maar ongekwalifiseerde per=soon. De Wet het die getal leerlinge aan hierdie skool aangegee as 25. (8)

### 3.2.2 Die begin van georganiseerde onderwystoestande

Op 18 Maart 1886 het 'n berig in die "Staats Courant" van die Nieuwe Republiek verskyn waarin alle ouers en belanghebbendes in kennis gestel is dat daar op 2 April 1886 'n publieke skool op Vryheid geopen sou word. (9) Dit kan beskou word as die begin van georganiseerde on=derwys in die Vryheidse distrik.

Vooraf is daar deur die Volksraad van die Nieuwe Republiek aan 'n Hollander van Greytown, Natal, opdrag gegee om 'n skema vir staatsonderwys uit te werk. (10) Die skema wat uitgewerk en deur die Volksraad van die Nieuwe Repu=

---

(7) Van der Walt, J.H.P.: Onderwys van Blankes in die Ventersdorpse distrik, p. 42.
(8) De Wet, J.F.: Middelbare Skool, Vryheid. (In: Gedenkboek, 1928, p. 13).
(9) Staats Courant, Nieuwe Republiek, 1886-03-18.
(10) Leverton en Pringle, op. cit., p. 21.

bliek aanvaar is, het feitlik in alle opsigte ooreengekom met die Burgers-onderwyswet van 1874, soos wat dit in die Zuid-Afrikaanse Republiek van krag was.

Dit was eers in 1887, op die vooraand van die inlywing van die Nieuwe Republiek by die Zuid-Afrikaanse Republiek, dat die Volksraad van die Nieuwe Republiek besluit het om "de jongste Schoolwet de Zuid Afrikaansche Republiek in werking te stellen in zooverre dezelven hier van toe= passing is". (11) Sodoende is die Du Toit-onderwyswet wat reeds van 1882 af in die Zuid-Afrikaanse Republiek in werking was, eers in 1887 in die Nieuwe Republiek geïmplementeer ten einde ook op onderwysgebied die inskake= ling by die Z.A.R. te vergemaklik.

Voordat 'n vergelyking getref word tussen die skoolstel= sels van die Nieuwe Republiek en die Z.A.R. dien eers gelet te word op enkele aspekte van die Burgers-onderwys= wet van 1874.

### 3.2.3 Die Burgers-onderwyswet, Wet no. 4 van 1874

Op 1 Julie 1972 het ds. T.F. Burgers, voorheen predikant van Hanover in die Kaapkolonie, President van die Z.A.R. geword. In Oktober 1874 het die Volksraad van die Z.A.R. Burgers se nuwe onderwyswet, bekend as Wet no. 4 van 1874, aanvaar. (12) Die Burgers-onderwyswet is eers in 1876 in werking gestel met die aanstelling van W.J.

---

(11) Notule en besluite van die Volksraad, Nieuwe Re= publiek, 1887. (N.R.7., p. 75).

(12) Staats Courant der Zuid-Afrikaanse Republiek, 1875-01-13.

van Gorkum as Superintendent van Onderwys in die Z.A.R. (13) In 1877 is die Z.A.R. geannekseer deur Brittanje en het die wet verval. (14) Eers in 1881, met die terug=gawe van Transvaal se onafhanklikheid, is die Burgers-onderwyswet heringestel. (15) In die volgende jaar is dit reeds weer vervang met die Du Toit-onderwyswet, Wet no. 1 van 1882. (16)

President T.F. Burgers se doel met die nuwe onderwyswet was om voorligting en beskawing in Transvaal te bring deur middel van 'n doeltreffende, staatsondersteunde skool=stelsel. (17)

Vervolgens sal enkele aspekte van die Burgers-onderwyswet bespreek word in soverre daar vasgestel kon word dat dieselfde tendense en bepalinge in die onderwysstelsel van die Nieuwe Republiek voorgekom het.

### 3.2.4 Vergelyking van die Burgers-onderwyswet met die onderwysstelsel van die Nieuwe Republiek

#### 3.2.4.1 Beheer oor die onderwys

In die Z.A.R. het die sentrale beheer oor die onderwys berus by die Superintendent van Onderwys wat algemene opsig oor die onderwys gehad het. (18) Die gees en rig=

---

(13) Barnard, S.S.: Onderwyswette in Transvaal voor 1910, p. 26.
(14) Ibid., p. 26.
(15) Ibid., p. 59.
(16) Wet no. 1 van 1882.
(17) Barnard, op. cit., p. 26.
(18) Wet no. 4 van 1874, art. 21.

ting van die onderwys is dus deur die Superintendent bepaal. Plaaslike beheer is opgedra aan 'n verkose "Schoolcommissie". (19)

Aangesien daar in die Nieuwe Republiek nie 'n Departement van Onderwys was of 'n Superintendent van Onderwys aange=stel was nie, het die sentrale beheer berus by die Volks=raad van die Nieuwe Republiek. Sover dit plaaslike be=heer aanbetref, het "de behartiging van de Onderwijs belangen berust in de handen van een Schoolcommissie waarvan enkele voornamen amptenaren leden waren". (20)

### 3.2.4.2 Skoolkommissie: Verkiesing van lede en omskry=wing van pligte

Die Burgers-wet het bepaal dat die skoolkommissie moes bestaan uit 6 lede. Behalwe hierdie 6 lede moes die landdros ex-officio voorsitter van die skoolkommissie wees. (21)

In die Nieuwe Republiek het die eerste skoolkommissie bestaan uit die volgende lede: A. von Levetzow (voorsit=ter), T.S. Hutchinson (Sekretaris en Tesourier), M.P. Behr, T. Swart, A. van Schalkwyk, P.T. Henderson en B. Brecher. Dat hierdie here "voornamen amptenaren" was, is gewis as in gedagte gehou word dat die laasgenoemde drie lede van die skoolkommissie al drie vir Vryheid na 1888 sou verteenwoordig in die Volksraad van die Z.A.R. Die heer Von Levetzow, voorsitter van die skoolkommissie, was inderdaad landdros van die Nieuwe Republiek. (22)

---

(19) Wet no. 4 van 1874, art. 21.

(20) Briewe aan die Uitvoerende Raad, Nieuwe Republiek, 1887. (N.R. 23, p. 117).

(21) Wet no. 4 van 1874, art. 54.

(22) Staats Courant, Nieuwe Republiek. 1886-07-01.

Die Burgerswet het verder bepaal dat uit die skoolkom= missie 'n sekretaris gekies moes word wat tegelykertyd die tesourie moes behartig. (23) In die eerste skoolkom= missie wat op die dorp Vryheid verkies is, het T.S. Hut= chinson dan ook beide hierdie portefeuljes behartig. (24)

Die here Von Levetzow en Van Schalkwyk was blykbaar entoe= siaste wat hulle onvermoeid beywer het vir die saak van die onderwys. (25)

### 3.2.4.3 Finansiële aangeleenthede

Volgens die Burgerswet was die sekretaris en tesourier van die skoolkommissie verantwoordelik vir die insameling van skoolgeld en die uitbetaling van salarisse van onder= wysers. (26) Die skoolgeld was maandeliks vooruitbetaal= baar. (27)

In die Nieuwe Republiek moes ouers vir die onderwys van hul kinders 50 sent (5 sjielings) per maand skoolgeld betaal. Hierdie geld was maandeliks vooruitbetaalbaar aan die sekretaris/tesourier van die skoolkommissie. (28) Kort na die aanstelling van 'n assistent-onderwyser=

---

(23) Wet no. 4 van 1874, art. 55.
(24) Staats Courant, Nieuwe Republiek. 1886-07-01.
(25) De Wet, op. cit., p. 14.
(26) Wet no. 4 van 1874, art. 61.
(27) Ibid., art. 29.
(28) Staats Courant, Nieuwe Republiek. 1886-03-18.

es in die persoon van mej. L.J. Craig, is die skoolgeld vir leerlinge in die eerste en tweede klas na 75 sent verhoog. (29)

### 3.2.4.4 Voorsiening van onderwysgeriewe: Geboue en Meubels

Die Burgers-onderwyswet het voorts bepaal dat dit die taak van die skoolkommissie was om te sorg vir die oprig= ting van 'n behoorlike skoolgebou, meublement en enige verdere toebehore. (30)

Die skoolkommissie van die publieke skool op Vryheid in die Nieuwe Republiek, het dan ook aanvanklik van H. Liversage 'n gebou, wat as winkel gebruik is, vir skool= doeleindes bekom. (31) Voorts is erf no. 119 deur die regering aan die skoolkommissie toegestaan vir die oprig= ting van 'n skoolgebou. (32)

### 3.2.4.5 Regeringsubsidie vir die Onderwys

Ten opsigte van distrikskole (dorpskole) het die Burgers-onderwyswet bepaal dat die regering 'n subsidie van R600 (£300) vir sodanige skole sou bewillig. (33)

Die Volksraad van die Nieuwe Republiek het jaarliks 'n

---

(29) Staats Courant, Nieuwe Republiek. 1886-07-01.
(30) Wet no. 4 van 1874, artt. 10 en 58.
(31) Staats Courant, Nieuwe Republiek. 1886-07-01.
(32) Blignaut, J.P.: Die Ontstaan en Ontwikkeling van die Nieuwe Republiek, 1884-1888, p. 72.
(33) Wet no. 4 van 1874, art. 7

subsidie aan die skoolkommissie betaal ten einde hulle in staat te stel om hulle verpligtinge na te kom. (34) Kort na die opening van die skool het die skoolkommissie aan die regering berig dat daar ongeveer 70 skoolgaande leerlinge is en dat ongeveer 'n kwart van hulle behoeftig is en dus nie skoolgeld kan betaal nie. Aangesien die kommissie alle kostes uit die skoolfooie moes verhaal was daar nie genoeg geld om die salarisse van die twee onderwysers te betaal nie. Hulle het dus gevra dat die subsidie met R200 (£100) per jaar verhoog word. Slegs R100 (£50) per jaar is toegestaan. (35) Eers op 8 Junie 1888 het die Volksraad van die Nieuwe Republiek besluit om die subsidie te verhoog tot "300 pond sterling". (36)

3.2.4.6 Diverse aangeleenthede

Ten opsigte van die volgende sake was daar ook volkome ooreenstemming: Slegs blanke kinders is tot die skole toegelaat. Verder was die skoolure (vanaf 09h00-12h00) ook dieselfde. Vakansies sou ook deur die skoolkommis= sies gereël word en sou nie agt weke per jaar oorskry nie. (37)

Die Burgers-onderwyswet het ook dogmatiese godsdiens= onderrig in skole verbied. (38) In 'n kosmopolitiese gemeenskap soos Vryheid sou hierdie bepaling sterk aan= klank vind.

---

(34) Goldman, op. cit., p. 24.

(35) Blignaut, op. cit., p. 72.

(36) Notule en besluite van die Volksraad, Nieuwe Repu= bliek. 1888-06-08. (N.R.7., p. 75).

(37) Blignaut, op. cit., p. 72.

(38) Wet no. 4 van 1874, art. 26.

Die Burgerwet het ook bepaal dat daar in beide tale, Nederduits en Engels, onderwys gegee moes word. (39) Hierdie bepaling was ook van krag in die Nieuwe Republiek: "Grondig Onderwijs word gegeven in de Hollandse en Engel= se talen en alle vakken behorende tot het lager onder= wijs.". (40)

Verpligte vakke aan staatskole was Lees, Skryf, Rekene, Bybelles, Hollandse fonetiek en Sang. Keusevakke het Duits, Engels en Handwerk vir dogters ingesluit. Vir middelbare skole is Geskiedenis, Aardrykskunde en Kerk= geskiedenis as verpligtend beskou terwyl Tekene, Weten= skap, Boekhou en Landbou keusevakke was. (41)

## 3.3 DIE PUBLIEKE SKOOL OP DIE DORP VRYHEID: 1884-1888

### 3.3.1 Oorsigtelike beskouing van die bestaan van die skool

Die publieke skool op die dorp Vryheid is op 2 April 1886 geopen. (42) Die eerste onderwyser was P.A. van Veen, 'n Hollander van geboorte. (43) Die eerste skoolge= bou is 'n gebou wat voorheen deur H. Liversage as winkel gebruik is. (44) Die leerlingtal het spoedig aangegroei tot 70 en die dienste van 'n assistent vir Van Veen moes

---

(39) Wet no. 4 van 1874, art. 36.
(40) Staats Courant, Nieuwe Republiek. 1886-07-01.
(41) Leverton en Pringle, op. cit., p. 23.
(42) Staats Courant, Nieuwe Republiek. 1886-04-02.
(43) Ibid., 1886-04-02.
(44) Ibid., 1886-02-25.

verkry word. Mej. L.J. Craig is in hierdie pos aangestel. (45) Mej. Craig het ook musieklesse gegee.

Mej. Craig was egter nie lank aan die skool verbonde nie. Reeds in September 1886 is geadverteer vir ŉ onder= wyseres in die plek van mej. Craig wat bedank het. (46) Mej. Craig was egter nog bereid om privaatlesse in musiek te gee. Die salaris verbonde aan die pos van onderwyser= es was R12 (£6) per maand. Aangesien geen reaksie op die advertensie om ŉ onderwyseres ontvang is nie, is die salaris wat aangebied is, verhoog tot R200 (£100) per jaar. (47)

Van Veen is in 1888 opgevolg deur ene Theunissen, byge= staan deur mej. Robertson. Theunissen was ŉ bekwame man, maar sy gesondheid was geknak deur tering en hy moes spoedig die tuig neerlê. Hy is dan ook ŉ paar jaar later aan hierdie gevreesde siekte, die sogenaamde "Blanke Plaag", oorlede. (48)

Op 20 Julie 1888 is die Nieuwe Republiek met die toestem= ming van die Britse regering formeel ingelyf by die Zuid-Afrikaanse Republiek en sou dit voortaan bekend staan as die distrik Vryheid. Deur hierdie inlywing sou die onderwys dan ook voortaan ressorteer onder die Departe= ment van Onderwys van die Zuid-Afrikaanse Republiek.

---

(45) Staats Courant, Nieuwe Republiek. 1886-07-01.
(46) Ibid., 1886-09-14. No. 18.
(47) Ibid., 1886-09-28. No. 19.
(48) De Wet, op. cit., p. 14.

## 3.4 EVALUERING

Die ontwikkeling van staatsondersteunde onderwys in die Vryheidse distrik moet beoordeel word teen die lig van die probleme wat die jong Republiek ondervind het tydens die vestigingsjare vanaf 1886-1888.

Dat die Burgers-onderwyswet, soos geïmplementeer in die Nieuwe Republiek, die beste beantwoord het aan die spesi= fieke behoeftes van 'n kosmopolitiese gemeenskap soos aangetref in die Vryheidse distrik, val nie te betwyfel nie. Die stelsel het egter ook sy gebreke gehad in sover= re die subsidies soos deur die staat toegeken die stig= ting van wykskole verhinder het.

Met die inlywing van die Vryheidse distrik by die Z.A.R. het die implementering van die Du Toit-onderwyswet in die Vryheidse distrik 'n bloeitydperk op onderwysgebied ook in hierdie distrik ingelui, in soverre die verander= de stelsel van staatsubsidies die oprigting van wykskole bevoordeel het.